**Skriflesing**: Heb 10:19-25
**Tema**: Ons hou mekaar vas, want ons word vasgehou.

Laat een nag sit ‘n wyse man en ‘n paar van sy leerlinge om ‘n vuurtjie en gesels. Dit was die donker uur net voor dagbreek wanneer die sterre op hulle helderste skitter. “Hoe sal julle weet wanneer die nag verby is en die nuwe dag begin?” vra hy hulle.
“‘n Mens weet dat die dag begin breek as jy kan uitmaak of die dier wat doer anderkant staan ‘n skaap of ‘n skaaphond is,” antwoord een van die leerlinge.
“Nee, ‘n mens weet as die nag verby is as daar genoeg lig is om te kan sien of dit ‘n geelhout of ‘n olienhout is wat jy in die verte sien,” antwoord ‘n ander een.
Weer skud die wyse man sy kop en hy antwoord: “As ‘n mens in die oë van ‘n medemens kyk en in hom of haar as ‘n broer of suster kan raaksien, weet jy dat ‘n nuwe dag begin het. Vir hulle wat dít nie kan doen nie, bly dit altyd nag.”
Ons kom aan die einde weer terug na hierdie verhaal.

Heb 10:22, 23, 24 begin telkens met die woord: “Laat” En dan lees ons in die verse van die Christelike of Bybelse “3 eenheid” naamlik geloof, hoop en liefde waarvan ons ook in 1 Kor 13:13 lees.

**Geloof**
Geloof is soos ‘n dubbele greep. God hou my vas. Hy het dit al by my doop belowe. Hy het my gekies. Hy het my verlos deur die offer van Jesus Christus.

Ons reageer in geloof op Sy vashou deur ook aan Hom vas te hou. Maar ons maak dikwels die fout om te dink dat geloof net te doen het met my verhouding met die Here. Geloof is meer as net ‘n verhouding met die Here. Dit is ‘n werkwoord. Geloof moet uitgeleef word. Dit word sigbaar in my verhouding met my naaste.

**Hoop**
Christelike hoop is nie om vingers te kruis en te hoop dat iets gebeur nie. Dit is om verseker te weet dat God getrou is en dat Sy beloftes vasstaan.
Ons kry net in die gelese gedeelte 3 beloftes.

- Ons het vrye toegang tot God deur die kruisdood en opstanding van Jesus Christus.
- Ons is skoongewas van sonde.
- God is getrou. Hy doen wat Hy beloof het.

Hoop is om vas te hou aan hierdie Goddelike sekerhede.

**Liefde**
Vanuit geloof en hoop, vloei liefde. En liefde kan nie net ‘n vertikale God-mens verhouding bly nie. God se liefde in my vloei uit in ‘n horisontale liefde tot my naaste.
In Heb 10:22 staan daar: laat ons tot God nader en in Heb 10:24: Laat ons na mekaar omsien. Dit is nie 2 verskillende goed nie. Die een gebeur nie eerste en dan die ander nie. Dit gebeur gelyktydig, is geintegreer met mekaar. Dit is hoe ‘n lewende verhouding met die Here lyk.

Ek vind in die Nuwe Testament 49 mekaar tekste waarin 20 keer gesê word dat ons mekaar moet liefhê. In Rom 13:8 staan daar: "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit." Die Here laat beslis geen twyfel oor wat vir Hom belangrik is in ons verhouding met ons naaste nie.

In Heb 10:24-25 sien ons hoe hierdie liefde in die praktyk lyk:
"[24]Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.
[25]Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."

In 'n selgroep vertel 'n man hoe hulle as kinders gehelp het om vir hulle ma 'n nuwe motortjie te koop na sy pa se dood. 'n Ander vrou het dadelik ingespring en gehelp by mense wat haar hulp by 'n uitreik nodig gehad het. Nog een vertel hoe die man by haar skielik langs haar wegraak toe hulle oppad is na 'n winkelsentrum. Toe sy hom soek, is hy besig om mense, wat motor moeilikheid het, te help. Nog 'n vrou getuig aangrypend van haar hart en uitreik na mense wat met lewensbedreigende siektes gediagnoseer word.
Ek dink dit is wat bedoel word met omsien en aanspoor tot liefde en goeie dade. Hierdie mense se positiewe bediening tot eer van die Here spoor ons almal aan.

Ons moet ons omring met sulke mense wat inspireer en aanprys, maar meer as dit, ook omsien, aanspoor en aanmoedig. Inspireer en aanprys kan van die pawiljoen af gedoen word terwyl ander aan die wedloop deelneem. Maar omsien, aanspoor en aanmoedig beteken dat ons saam aan die wedloop deelneem. Ons is saam in die wedloop van die geloof en dit is 'n langafstand wedloop soos die comrades. Daar is 'n Afrika spreekwoord wat lui: "wanneer ons alleen hardloop, hardloop ons vinnig, maar wanneer ons saam hardloop, hardloop ons ver.
John Westley het gesê: "Daar is niks meer onchristelik as mense wat kies om alleenloper Christene te wees nie. Die Here het ons vir mekaar gemaak. In die geloofswedloop het ons mekaar nodig om ver te hardloop.

Die gemiddelde oggenddiens bywoning by die 10 gemeentes in ons ring is 23%. Ons het dus 'n baie groot verantwoordelikheid om self te gaan en ander aan te moedig om eredienste, kleingroepbyeenkomste en die samekomste van die gemeente by te woon.
Ons het mekaar nodig.

Die wyse man het die volgende antwoord gegee oor wanneer die dag aanbreek: "As 'n mens in die oë van 'n medemens kyk en in hom of haar 'n broer of suster kan raaksien, weet jy dat 'n nuwe dag begin het. Vir hulle wat dít nie kan doen nie, bly dit altyd nag."
Vir die Here gaan dit oor meer as om mekaar as broer en suster te herken. Ons moet in liefde hande vat met almal wat saam met ons in die geloofswedloop hardloop. Ons het 'n Godgegewe verantwoordelikheid teenoor mekaar. Ons moet na mekaar omsien, mekaar aanspoor en aanmoedig.
Amen

*MG van Rooyen*
*Predikant*
*Kraggakkamma Gemeente*

Kraggakamma
Gemeente
Ons is God se fontein van liefde